MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

12 OCTOBER 2011

Kreeftegang met infrastruktuur

"Dit is kommerwekkend dat Suid-Afrika nou volgens die Mo Ibrahimstigting se indeks 14de op die kontinent vir soverre infrastruktuur geplaas is. Dit is lank algemeen aanvaar dat Suid-Afrika nie maklik deur enige Afrikaland ingehaal sal kan word nie," sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP).

"Pas moes ons lees dat verskeie gemeenskappe in Mpumalanga al 'n week sonder water is, terwyl 'n paar ook nie krag het nie. Weens gebrekkige kommunikasie is dit ook nie duidelik of Bloemfontein se erge waterprobleme opgelos is nie.

"Elke keer klink dit asof verwaarloosde instandhouding en diefstal van toerusting die hoofoorsake is.

"Dit lyk asof die regering steeds die ekonomie reaktief in die sogenaamde onproduktiewe sektor probeer stimuleer, soos blyk uit die aankondiging van minister Collins Chabane dat die staat se personeeluitgawes nou so hoog is dat dit 'n beperking plaas op onder meer kapitaaluitgawes.

"Of is dit 'n geval dat die versorging van kaders voorrang bo die land se welstand moet geniet?"

Infrastructural stress

"It is concerning that South Africa is now, according to the index of the Mo Ibrahim Foundation, in the 14th position on the African continent in the infrastructure category. It has long been an assumption of certainty that no African country would easily catch up with South Africa," says Christian Democratic Party (CDP) leader, Rev. Theunis Botha.

"We now read that several communities in Mpumalanga have been without water for a week, and some without electricity. Because of poor communication, it is also not clear whether Bloemfontein's serious water problems are something of the past.

"And almost without exception, it seems as though neglected maintenance and stolen implements are to blame.

"It seems as though government is still attempting to stimulate the economy in the so-called unproductive sector, as reflected from an announcement by Minister Collins Chabane that government's staff expenditure is so high that it places, not only a limitation on capital expenditure, but on other govenment priorities as well.

"Is this not perhaps a matter of looking after the cadres at the expense of the country's well being?"